Trots op my Kerk,

MAAR DIT BEWEEG TE STADIG

TIENIE BOTHA

Tienie Botha is 'n lidmaat van Skuilkrans-Pretoria NG kerk.

As lidmaat van die NG Kerk het ek veel om trots oor te voel. Ek behoort aan die gemeente Skuilkrans-Pretoria, 'n dinamiese gemeente met 'n energieke span predikante wat woel om die gemeente – 'n makro-gemeente – se groot verskeidenheid van bedieningsbehoeftes intensief aan te spreek ...

Daar is groot waardering vir wat hierdie span doen, veral in die laaste tyd vir die jonger garde wat nou Sondagaande die kerk vol pak en jong mense van ver buite die gemeentegrense trek.

Dis lekker om deel te wees van 'n gemeente wat nie vir vernuwing terugdeins nie en met visie doelgerig op pad is met Christus.

Dis lekker om deel te wees van 'n gemeente wat nie vir vernuwing terugdeins nie en met visie doelgerig op pad is met Christus.

Dis ook lekker om deel te wees van 'n Kerk wat oor baie jare diep spore van diens aan die samelewing gelewer het. 'n Kerk wat 'n sleutelrol gespeel het om 'n volk uit die dieptes van ellende op te hef en selfrespek help gee het. 'n Kerk wat in die sendingvelde van Afrika en verder fondamente en norme en waardes help vestig het wat geestelik en opvoedkundig 'n enorme invloed uitgeoefen het en steeds uitoefen.

Dis ook lekker om deel te wees van 'n Kerk wat erken dat hy foute begaan het en dit wil regstel. 'n Kerk wat oor alle grense heen wil uitreik na ander om 'n betekenisvolle verandering te help bewerkstellig.

Die hartseer is dat hierdie Kerk van my nog te stadig beweeg. Ons is verby die tyd van die bostelegraaf. Dis die era van globalisering, van die internet en e-pos. Dinge gebeur vinnig. En die Kerk hou nie by nie. Of dalk hou hy by, maar veroorsaak gebrekkige kommunikasie die persepsie dat hy voete sleep.

Een voorbeeld: Toe die media verlede jaar die sogenaamde Nuwe Hervormers soveel publisiteit gegee het, was daar aanvanklik 'n dawerende stilte van die kerkleierskap se kant. Dit was eers nadat 'n toe terminaal siek teoloog as 't ware tot die Kerk se redding gekom het deur sterk standpunte teen hul sieninge in te neem dat die Kerk, eers huiwerig, maar later in al hoe sterker taal, sy saak gestel het.

Sulke versuim laat lidmate wonder, en twyfel. En dit mag nie.

Die Algemene Sinode het op sy afgelope vergadering besluit om die owerheid te vra om grond beskikbaar te stel vir hawelose mense. Die ASK moet dringend met die owerheid praat oor grondhervorming. Het die Kerk nie ook grond wat hiervoor beskikbaar gestel kan word nie?

Die NG Kerk sal baie van die geloofwaardigheid wat hy weens sy standpunt oor apartheid gehandhaaf het, herwin as hy met kerkvereniging vorder. Is vordering op hierdie terrein werklik net afhanklik van die uitslag van 'n regstryd tussen twee ander kerke in die NG familie en van die omstrede Belhar-belydenis? Of is dit 'n verskoning om niks te doen nie?

Die Algemene Sinode se onvermoë om standpunt in te neem oor die netelige kwessie van homoseksualiteit krap ook. Baie van hierdie mense is meelewende Christene wat in baie gevalle uitgeworpenes in die kerklike samelewing is. Is hul sonde groter as diegene wat hulle aan diefstal, bedrog, belastingontduiking, owerspel, godslastering – noem maar op – skuldig maak?

Moet gemeentes nie eie inisiatief gebruik en uitreik na hierdie mede-Christene nie, pleks van (in baie gevalle) hulle soos melaatses te behandel en nog twee jaar of langer te wag vir 'n besluit deur die Algemene Sinode?

Daar is ongelukkig ook nog te veel lidmate wat onbetrokke is by noodsaaklike gemeentewerk, wat om verskeie redes aan onttrekkingsimptome ly. Dis maar altyd dieselfde groepie wat alles moet doen. En hierdie groepie word kleiner en kleiner. In sommige gemeentes is daar nie eens genoeg kerkraadslede om die gemeente te bedien nie. Dis hartseer, maar 'n probleem wat dringender aangespreek moet word.

... dit is vir my belangrik dat my Kerk 'n wegwyser moet wees vir almal wat geloofsekerheid soek.

Oor vernuwing in die gemeentes is daar uiteenlopende standpunte. Solank vernuwing ter wille van geestelike verdieping plaasvind en nie ter wille van vernuwing nie, behoort daar geen beswaar te wees nie.

Geen gemeente kan ten volle aan al die behoeftes van sy uiteenlopende lidmate voldoen nie. Baie meer as tans kan egter gedoen word om daardie behoeftes wel aan te spreek, behoeftes wat van gemeente tot gemeente kan verskil.

Ek wil nie my Kerk verlaat nie. Ek is nie kwaad vir hom nie. Dit sal my, en baie ander, net soveel gelukkiger maak as my Kerk oor sake soos hierdie vinniger wil beweeg. Want dit is vir my belangrik dat my Kerk 'n wegwyser moet wees vir almal wat geloofsekerheid soek. Dat hy hoop sal bring vir diegene sonder hoop.

Ek soek nie 'n Kerk wat nuwe dinge sê nie. Ek soek 'n Kerk wat ou dinge nuut sê. Een wat pro-aktief optree en nie reaktief nie. Een wat met gesag kan leiding neem en nie skroom om dissipline toe te pas waar dit toegepas moet word nie. Een wat kan opstaan en hard en duidelik aan die wêreld sê: "Hier staan ek. Ek kan nie anders nie. Dit is my standpunt, en daarby staan ek."

...wat kan opstaan en hard en duidelik aan die wêreld sê: "Hier staan ek. Ek kan nie anders nie. Dit is my standpunt, en daarby staan ek."

Dit is die uitdaging vir die Kerk. As hy daarvoor terugdeins, het hy geen toekoms nie. Ek glo die NG Kerk is opgewasse vir hierdie uitdaging.